

God die Heilige Gees

Joh 14:26 en wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees stuur, sal Hy julle alles leer

Die Bybel

2 Tim 3:16 Die hele skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te week

Die Opstanding van die dooies

1 Kor 15:12 As dit dan gepreek word dat Christus uit die dode opgewek is, hoe sê sommige onder julle dat daar geen opstanding van die dode is nie. As daar geen opstanding van die dode is nie, dan is Christus ook nie opgewek nie

Die Ewige lewe

1 Joh 2:25 En dis is wat die Seun ons belowe het: die ewige lewe

WAT GLO ONS?

God Drie-Eenig

Matt 28:19 - Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees

God die Vader

Gen 1:1 In die begin het God die hemel en die aarde geskep

Deut 6:4 Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here.

God die Seun - Jesus

Luk 1:35 Die engel antwoord haar: “Die Heilige Gees al oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal die een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God

Jes 53:5 Oor ons oortredings is hy deurboor, en oor ons sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vede moes bring, was op Hom, deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom

Joh 19:18 Daar het hulle Hom gekruisig en saam met Hom twee ander, een aan elke kant, met Jesus in die middel

Joh 19:33 Toe hulle egter by Jesus kom en sien dat Hy al klaar dood is, het hulle nie sy bene gebreek nie.

Luk 24:6-7 Hy is nie hier nie. Hy is uit die dood opgewek. Onthou hoe Hy met julle gepraat het toe Hy nog in Galilea was 7. en gesê: Die Seun van die mens moet uitgelewer word in die hande van sondige mense, gekruisig word, en op die derde dag opstaan

Luk 24:51 Terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle af weggegaan en is Hy in die hemel opgeneem.

Rom 8:34 Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons.

Joh 14:6 Jesus het vir hom gesê: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie”

1 Joh 1:9 Maar as ons ons sondes bely- Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid